GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2016

## GRAAD 11

# REKENINGKUNDE

**TYD: 180 minute**

**PUNTE: 300**

**14 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**TYD: 180 minute**

**PUNTE: 300**

## INSTRUKSIES

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Wys bewerkings om deelpunte te verdien.
3. Lees die instruksies van elke vraag aandagtig deur en volg dit noukeurig.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Beantwoord alle antwoorde in blou ink.
6. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel, as 'n riglyn wanneer die vrae beantwoord word. Probeer om NIE van die aanbevole tyd af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD IN MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Bankversoening | 60 | 36 minute |
| 2 | Krediteureversoening | 25 | 15 minute |
| 3 | Bateverkope | 50 | 30 minute |
| 4 | Vennootskappe | 40 | 24 minute |
| 5 | Finansiële state | 75 | 45 minute |
| 6 | Ontleding en vertolking van finansiële state | 50 | 30 minute |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

## VRAAG 1

**BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE** **(60 punte; 36 minute)**

1.1 Wat is die doel van bankversoening? (2)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

1.2.1 Die interne ouditeur sal die bankversoeningstaat ondersoek aan die einde van elke maand. (1)

1.2.2 Bankkoste sal gedebiteer word met diensgelde en rente op oortrokke rekening. (1)

1.2.3 ŉ Tjek wat ouer as ses maande is sal nie deur die bank gewissel word nie. (1)

1.2.4 ŉ Vooruitgedateerde tjek wat in September 2015 uitgereik is, maar wat gedateer is vir Februarie 2016, sal eers in Februarie in die Kontant betalingsjoernaal aangeteken word. (1)

1.3 **BANKVERSOENING**

Jy word voorsien van inligting uit die rekeningkundige rekords van Sabe Handelaars vir Maart 2016. Die eienaar van die onderneming is M. Sabe.

**GEVRA:**

1.3.1 Stel die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Maart 2016 op. Bereken slegs die totaal vir die Bankkolomme. (36)

1.3.2 Stel die Bankrekening in die Algemene Grootboek vir Maart 2016 op. (8)

1.3.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2016 op. (10)

**INLIGTING:**

| **Bankversoeningstaat on 29 Februarie 2016** | |
|---|---|
| | |
| Debietsaldo volgens bankstaat | 22 400 |
| Krediteer uitstaande deposito | 10 200 |
| Debiteer uitstaande tjeks: | |
| ▪ Nr. 88 | 3 400 |
| ▪ Nr. 160 | 1 420 |
| ▪ Nr. 163 | 6 400 |
| ▪ Nr. 165 (gedateer April 2016) | 3 710 |
| Saldo volgens bankrekening | ? |

Sabe Handelaars se lopende rekening is by Mawali Bank

| **Subtotale van die Bankkolom in die Kontantjoernale op 31 Maart 2016** | |
|---|---|
| **Kontantontvangstejoernaal** | 31 400 |
| **Kontantbetalingsjoernaal** | 54 800 |

| **'n Vergelyking van die bankversoeningstaat met die bankstaat op 29 Februarie 2016, het die volgende aan die lig gebring**: | |
|---|---|
| ▪ | Die deposito van R10 200 verskyn op die bankstaat. |
| ▪ | Tjek nr. 163 vir R6 400 is vir betaling aangebied. |
| ▪ | Tjek nr. 88 is uitgereik op 15 September 2015 aan die Health Welfare Organization as 'n donasie. Die organisasie het ontbind en die tjek moet gekanselleer word. |
| ▪ | Tjek nr. 160 uitgereik aan RSA Verspreiders vir skryfbehoeftes verskyn op die bankstaat as R4 120. Die bedrag op die bankstaat is korrek. |

**'n Vergelyking van die Salarisjoernaal met die bankstaat toon die volgende as uitstaande:**

| Werknemers | Bruto salaris | Netto salaris | Tjek uitgereik |
|---|---|---|---|
| B. Boom | R12 400 | R9 800 | 178 |
| C. Mood | R14 200 | R11 600 | 180 |

**'n Vergelyking van die Kontantjoernale met die bankstaat toon die volgende verskille:**

- Die volgende verskyn in die kontantjoernale, maar nie in die bankstaat nie.
  - Deposito, R8 100
  - Tjek nr. 176, R8 900 (gedateer 15 April 2014)
- Die Kontant betalingsjoernaal weerspieël 'n totaal van R30 700 uitgereik ten opsigte van salaristjeks.
- Tjek nr. 173 uitgereik aan Neotel vir die maandelikse telefoonrekening verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal as R3 280. Die bedrag op die bankstaat is korrek.
- Tjek nr. 170 vir R840 is uitgereik aan BM Garage vir brandstof en het in die pos verlore geraak. Die tjek moet gekanselleer en vervang word met tjek nr. 181. Die tjek is nog uitstaande.
- 'n Aftrekorder vir die maandelikse terugbetaling van die lening by Mawali Bank vir R2 000 verskyn op die bankstaat maar nie in die joernaal nie.
- Die deposito van R35 000 is direk in die onderneming se lopende rekening inbetaal deur die eienaar op 15 Maart 2016, as sy kapitaalbydrae.
- 'n Onbetaalde tjek vir R420, ontvang van 'n debiteur, M Lid, ter vereffening van sy rekening van R450, verskyn op die bankstaat.
- 'n Deposito van R8 300 vir die huur is direk in die lopende rekening van die onderneming in betaal deur F. Fun.
- Mawali Bank het die volgende teen Sabe Handelaars se bankrekening gedebiteer.
  - Rente op debietsaldo, R93
  - Bankkoste, R380
- Die bankstaat reflekteer 'n gunstige saldo van R17 367 op 31 Maart 2016.

**VRAAG 2**

**KREDITEUREVERSOENING EN INTERNE BEHEER** **(25 punte; 15 minute)**

2.1 Hoekom moet die saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Grootboek dieselfde wees as die totaal van die Krediteurelys in die Krediteuregrootboek? (2)

**DIE KREDITEUREKONTROLEREKENING EN DIE KREDITEURELYS**

Die rekenmeester van My Worth Stores het ŉ paar foute gemaak en sekere transaksies uitgelaat in die voorbereiding van die Krediteurekontrolerekening en die Krediteurelys op 30 Junie 2016. Jy is die interne ouditeur vir die winkel.

**GEVRA:**

2.2 Bereken die korrekte saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek. Indien geen inskrywing van toepassing is nie, skryf GEEN INSKRYWING. (12)

2.3 Stel die korrekte Krediteurelys van saldo's op 30 Junie 2016. (11)

**INLIGTING:**

**Vooraansuiweringsgetalle op 30 Junie 2016**

| | | |
|---|---|---|
| Krediteurekontrolerekening se Saldo | | R153 800 |
| Krediteurelys van totale uit die Krediteure grootboek | | R168 900 |
| • Stand Handelaars | R29 200 | |
| • Walk Groothandelaars | R95 600 | |
| • Run Winkels | R44 100 | |

**FOUTE EN WEGLATINGS**

A. ŉ Betaling van R42 000 aan Run Winkels is korrek aangeteken in die Kontantbetalingsjoernaal, maar die boekhouer het versuim om die paaiement in die krediteure rekening aan te teken.

B. Die totaal van die Krediteurejoernaal is verkeerd opgetel as R51 150 in plaas van R61 250.

C. Kredietaankope van handelsvoorraad ter waarde van R13 000, van Stand Handelaars is verkeerdelik gedebiteer na sy persoonlike rekening.

D. ŉ Kredietsaldo van R440 op Run Winkels se rekening in die Debiteuregrootboek moet oorgedra word na sy rekening in die Krediteuregrootboek.

E. ŉ Tjek vir R2 000 wat uitgereik is aan Stand Handelaars ter vereffening van ons skuld van R2 200 is korrek in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken, maar verkeerdelik oorgeboek na die rekening van Walk Groothandelaars. Stel die fout reg.

F. Die totaal van die Krediteure-afslagjoernaal was onderskat met R11 000.

G. Kredietaankope van voorraad ter waarde van R36 600 van Walk Groothandelaars is verkeerdelik aangeteken en oorgeboek van die Krediteure Joernaal as R63 600.

**VRAAG 3**

**BATEVERKOPE EN INTERNE BEHEER** **(50 punte; 30 minute)**

Jy word verskaf met inligting uit die rekeningkundige rekords van Bonanza Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016.

**GEVRA:**

3.1 Verwys na die inligting (A tot D).

3.1.1 Bereken die Waardevermindering op Toerusting op 31 Augustus 2016. (2)

3.1.2 Bereken die TOTALE waardevermindering op Toerusting op 29 Februarie 2016. (6)

3.2 Stel die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek op.
Saldeer / Sluit die rekeninge af op 29 Februarie 2016.

3.2.1 Toerustingrekening (5)

3.2.2 Opgeloopte Waardevermindering op Toerusting (8)

3.2.3 Bateverkope (8)

3.3 Verwys na die inligting (D).

Voltooi die ontbrekende bedrae aangedui deur * in die Vastebate-nota vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2016 in jou ANTWOORDEBOEK. (15)

3.4 Die eienaar het ontdek dat die werklike afstande gereis die geskeduleerde punte van aflewering met 40% oorskry. Noem DRIE beheermaatreëls wat hulle kan implementeer om hierdie probleem op te los. (3x2) (6)

**INLIGTING:**

A. Uitbreidings is gemaak aan die Geboue gedurende die jaar.

B. ʼn Addisionele voertuig is op 31 Augustus 2015 aangekoop vir R200 000.

C. Ou toerusting met ʼn kosprys van R80 000 en ʼn boekwaarde van R20 000 (28 Februarie 2015) is op 1 September 2015 ingeruil op nuwe toerusting ter waarde van R140 000. Na die inruiltransaksie het Bonanza Handelaars nog R121 000 geskuld op die toerusting.

## D. VASTEBATES-NOTA

| | GROND & GEBOUE | VOERTUIE | TOERUSTING |
|---|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin | **450 000** | * | **240 000** |
| • Kosprys | **450 000** | **800 000** | **510 000** |
| • Opgehoopte waardevermindering | | **(260 000)** | * |
| **Bewegings** | | | |
| Toevoegings teen kosprys | * | * | * |
| * | | **0** | * |
| Waardevermindering | **0** | * | * |
| Drawaarde aan die einde | **500 000** | * | * |
| Kosprys | **500 000** | **1 000 000** | * |
| Opgehoopte waardevermindering | **0** | **(388 000)** | * |

| **Waardevermindering** | | |
|---|---|---|
| | ▪ Voertuie teen 20% per jaar op die boekwaarde. | |
| | ▪ Toerusting teen 15% per jaar op die kosprys. | |

**VRAAG 4**

**VENNOOTSKAPPE** **(40 Punte; 24 Minute)**

4.1 Lees elkeen van die volgende stellings en kies die regte term/sinsdeel uit die onderstaande tabel wat die stelling die beste beskryf. (5)

| | | | |
|---|---|---|---|
| finansiëringkoste | paring | Sekondêre verdeling | betroubaarheid |
| vennoteverdienste | lopende saak | beperkte aanspreeklikheid | wesenlikheid |
| primêre verdeling | | | |

4.1.1 Finansiële state word voorberei op die aanname dat die onderneming se bedrywighede sal voortgesit word in die afsienbare toekoms.

4.1.2 Die inkomstestaat word voorberei vir ŉ spesifieke periode.

4.1.3 Rente op lening word betaal op geleende fondse.

4.1.4 In ŉ vennootskap, is die netto wins bewillig vir salarisse, rente op kapitaal, bonus en die oorblywende deel van die wins.

4.1.5 Finansiële state moet beskikbaar wees so na as moontlik aan die datum van die tydperk waarvoor hulle voorberei is.

4.2 Die volgende inligting is uit die finansiële rekords van Extreme Handelaars, ŉ vennootskap tussen A Gifford en N Ndlovu, geneem.

**GEVRA:**

Gebruik die gegewe inligting om die volgende notas van die finansiële state te doen.

4.2.1 Kapitaal (6)

4.2.2 Privaatrekening (29)

**INLIGTING:**

**A** Die volgende saldo's en totale verskyn in die Na-aansuiweringsproefbalans van Extreme Handelaars op 29 Februarie 2016.

| | |
|---|---|
| Kapitaal: Gifford | 700 000 |
| Kapitaal: Ndlovu | 900 000 |
| Privaatrekening: Gifford (1 Maart 2015) | 140 000 |
| Privaatrekening: Ndlovu (1 Maart 2015) | 90 000(dt) |
| Onttrekkings: Gifford | 177 800 |
| Onttrekkings: Ndlovu | 215 600 |
| Netto wins soos in die Wins-en-Verliesrekening | 1 285 500 |

**B** Vennoot Gifford het sy kapitaal verminder met R180 000 op 31 Augustus 2015. Die transaksie is behoorlik geboekstaaf. Geen inskrywing is gemaak vir die vermeerdering van vennoot Ndlovu se kapitaal met R250 000 op 1 Januarie 2016 nie.

**C** Handelsvoorraad ter waarde van R10 000 is deur vennoot Ndlovu onttrek, maar is verkeerdelik gedebiteer na die rekening van Gifford.

**D** Die vennootskapsooreenkoms stipuleer die volgende:

- Beide vennote is geregtig op 9% rente per jaar op hulle kapitaal.
- Vennoot Gifford het 'n totaal van R546 000 ontrek as sy salaris. Die bedrag sluit sy salaris vir Maart 2016 in. Vennoot Ndlovu verdien 'n salaris van R350 000 per jaar.
- 'n Bonus van R30 000 is toegestaan aan vennoot Ndlovu gedurende die jaar.

**E** Gifford se deel van die oorblywende wins is R147 390. Winste word verdeel in die verhouding van 3:2 tussen Gifford and Ndlovu.

**VRAAG 5**

**FINANSIËLE STATE** **(75 Punte; 45 Minute)**

Die inligting verskaf hou verband met Flashgordon Handelaars vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016.

**GEVRA:**

5.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (50)

5.2 Die volgende notas tot die finansiële state:

5.2.1 Handels- en ander debiteure (8)

5.2.2 Handels- en ander krediteure (17)

**INLIGTING:**

**FLASHGORDON HANDELAARS**

**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 29 FEBRUARIE 2016**

| | Fol | DT | KT |
|---|---|---|---|
| **BALANSSTAAT-AFDELING REKENINGE** | | | |
| Kapitaal | B1 | | 790 000 |
| Onttrekkings | B2 | 238 375 | |
| Voertuie | B3 | 410 000 | |
| Toerusting | B4 | 280 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | B5 | | 270 000 |
| Opgeloopte waardevermindering op toerusting | B6 | | 95 000 |
| Vaste Deposito: Nedbank | B7 | 400 000 | |
| Handelsvoorraad | B8 | 246 800 | |
| Debiteurekontrole | B9 | 34 560 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | B10 | | 2 500 |
| Bank | B11 | 620 890 | |
| Lening: Nedbank | B12 | | 620 000 |
| Krediteurekontrole | B13 | | 32 000 |
| Krediteure vir salarisse | B14 | | 18 375 |
| WVF | B15 | | 2 000 |
| Pensioenfonds | B16 | | 15 000 |

| NOMINALE REKENINGE-AFDELING | | | |
|---|---|---|---|
| Verkope | N1 | | 1 280 000 |
| Koste van verkope | N2 | 642 000 | |
| Debiteure-afslag | N3 | 6 500 | |
| Oninbare skulde verhaal | N4 | | 700 |
| Water en elektrisiteit | N5 | 8 900 | |
| Versekering | N6 | 8 800 | |
| Oninbare skulde | N7 | 4 300 | |
| Donasies | N8 | 2 400 | |
| Korting ontvang | N9 | | 1 600 |
| Korting toegestaan | N10 | 1 800 | |
| Skryfbehoeftes | N11 | 17 300 | |
| Huurinkomste | N12 | | 79 650 |
| Bankkoste | N13 | 8 410 | |
| Telefoon | N14 | 10 900 | |
| Rente op oortrokke rekening | N15 | 4 800 | |
| Rente op vaste deposito | N16 | | 28 000 |
| Salarisse en Lone | N17 | 288 090 | |
| | | **3 234 825** | **3 234 825** |

**ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS**

**A** Voor die fisiese voorraadopname gedoen is het Flashgordon voorraad met ŉ kosprys van R1 600 aan een van die laerskole geskenk. Geen inskrywing is gemaak om dit te boekstaaf nie.

**B** ŉ Fisiese voorraadopname is gedoen op 29 Februarie 2016 die volgende was voorhande:

| | |
|---|---|
| Handelsvoorraad | R236 000 |
| Skryfbehoeftes | R3 900 |

**C** Waardevermindering vir die jaar beloop, R124 850.

**D** Die huurinkomste is verhoog met R550 per maand vanaf 1 Januarie 2016. Die huur vir Maart 2016 is reeds ontvang.

**E** Kommissie-inkomste verskuldig aan die onderneming, R15 000.

**F** Die telefoonrekening vir Februarie 2016 is ontvang maar is nog nie betaal nie, R1 300.

**G** Die water-en-elektrisiteitsrekening vir Februarie 2016 is ontvang van die stadsraad, R1 200. Die rekening is nog nie betaal nie.

**H** Die versekering sluit ŉ premie van R1 320 in wat betaal is vir die periode 1 Oktober 2015 tot 30 September 2016.

**I** Skryf oninbare skulde ter waarde van R560 af.

**J** Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word na R1 800.

**K** Mr Jay, ŉ debiteur wie se rekening afgeskryf is het R7 200 in die lopende rekening van die onderneming in betaal.

**L** Diensgelde vir die maand beloop R290.

**M** ŉ Afgetrede werknemer is per ongeluk ingesluit in die Salarisjoernaal vir Februarie 2016. Die besonderhede van sy betaalstrokie is soos volg:

| | AFTREKKINGS | BYDRAE |
|---|---|---|
| LBS | 4 500 | |
| Pensioenfonds | 1 875 | 10 % van die bruto salaris |
| WVF | 250 | rand-vir-rand |
| Netto salaris | 18 375 | |

NOTA: Alle bydraes word gedebiteer na die salaris-en-lonerekening.

**N** Die bankversoeningstaat op 29 Februarie 2016 weerspieël vooruitgedateerde tjeks vir die volgende finansiële jaar ter waarde van R7 280.

**O** ŉ Tjek uitgereik aan ŉ krediteur vir R1 800 vir die skikking van ons rekening van R2 000 is geweier en teruggestuur deur die bank.

**P** Die leningstaat bevat die volgende inligting op 29 Februarie 2016:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2015 | 680 000 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Terugbetalings, insluitende die rente vir die jaar | 117 600 |
| Saldo op 29 Februarie 2016 | 620 000 |

Die onderneming gaan ŉ terugbetaling van R60 000 op die kapitale bedrag maak in die volgende finansiële jaar.

**VRAAG 6**

**ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE** **(50 Punte; 30 Minute)**

6.1 Voltooi elk van die volgende stellings deur die ontbrekende woord(e) te verskaf. Moenie die stellings herskryf nie. Skryf slegs die ontbrekende woord(e). (10)

6.1.1 Bruto wins op … word bereken om die winsomslag te bevestig.

6.1.2 ŉ Daling in die persentasie tussen bruto wins op omset en bedryfswins op omset word grotendeels veroorsaak deur … .

6.1.3 Solvensie is gelyk aan … .

6.1.4 ŉ Vaste deposito wat verval op die laaste dag van die finansiële jaar sal ŉ verbetering in die… verhouding tot gevolg hê.

6.1.5 Die deurlopende voorraadstelsel vereis ŉ fisiese voorraadopname om … te bepaal.

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Seepunt Handelaars vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2016. Die vennote is M Flynn en T Blake.

**1) Finansiële aanwysers wat bereken is vir die laaste twee jaar.**

| | **2016** | **2015** |
|---|---|---|
| % Winsopslag | 75% | 75% |
| % Bruto wins op verkope | 45% | 45% |
| % Bedryfsuitgawes op verkope | 47,2% | 30% |
| % Bedryfswins op verkope | 18% | 22% |
| % Netto wins op verkope | 15% | 17,5% |
| Solvensieverhouding | 2:1 | 1:1 |
| Skuld/eienaarsbelang-verhouding | 1,3:1 | 0,9:1 |
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,1:1 | 2,1:1 |
| Vuurproefverhouding | 1,2:1 | 1,2:1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 7 keer | 5 keer |
| % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang | ? | 37,5% |
| % Opbrengs verdien deur Blake | 25,5% | 30% |
| % Opbrengs verdien deur Flynn | 20,53 | 24,9% |
| % Netto wins onttrek deur die vennote | ? | 45% |
| Debiteure-invorderingsperiode | 55 dae | 65 dae |
| Krediteure-betalingsperiode | 50 dae | 40 dae |

**2) Inligting uit die Finansiële State**

| | **2015** | **2016** |
|---|---|---|
| **Kapitaal** | **3 560 000** | **2 960 000** |
| Blake | 1 800 000 | 1 200 000 |
| Flynn | 1 760 000 | 1 760 000 |
| **Privaatrekening** | **790 000** | **660 000** |
| Blake | 420 000 | 360 000 |
| Flynn | 370 000 | 300 000 |
| **Totale vennotebelang** | **4 350 000** | **3 620 000** |

| | **Blake** | **Flynn** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Verdienste per vennoot 2016 | | | |
| Vennotesalaris | 390 000 | 290 000 | 680 000 |
| Rente op kapitaal | 115 000 | 85 000 | 200 000 |
| Verdeling van oorblywende winste | 55 000 | 55 000 | 110 000 |
| | **560 000** | **430 000** | **990 000** |
| | | | |
| Onttrekkings | 210 000 | 175 000 | 385 000 |

6.2 Behoort die vennote tevrede te wees met die voorraadomsetsnelheid? Verduidelik deur vermelding te maak van finansiële aanwysers vir beide jare om jou antwoord te staaf. (3)

6.3 Lewer kommentaar oor die Debiteure-invorderingsperiode en die Krediteure-betalingsperiode. (3)

6.4 In jou opinie het die onderneming hulle uitgawes effektief beheer in 2016? Haal syfers van beide jare aan om jou antwoord te ondersteun. (4)

6.5 Verduidelik die redes vir die verskil tussen die persentasie bedryfsuitgawes op verkope en die persentasie netto wins op verkope. (2)

6.6 Bereken die persentasie opbrengs op die gemiddelde eienaarsbelang van 2016. (5)

6.7 Die persentasie opbrengs verdien deur Flynn op sy gemiddelde eienaarsbelang is 20,53%. Verskaf ŉ berekening om te bewys dat die berekening korrek is. (5)

6.8 Lewer kommentaar op die persentasie opbrengs verdien deur Flynn. Haal ŉ finansiële aanwyser vir beide jare aan om jou antwoord te staaf. (4)

6.9 Lewer kommentaar op die skuld/eienaarsbelangverhouding. Haal ŉ finansiële aanwyser van beide jare aan om jou antwoord te staaf. (3)

6.10 Watter persentasie van die netto inkomste het die vennote onttrek van die onderneming in 2016? (3)

6.11 Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die onderneming. Haal DRIE finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf. (8)

**TOTAAL: 300**

**EINDE**